


Matie Sal Suiderlig met Luggloedmeter Bekyk

Van Ons Stellenbosse Verteenwoordiger

STELLENBOSCH.

WANNEER die Suid-Afrikaanse navorsingskip R.S.A. vandag na die Suidpoolbasis SANAE vertrek, sal daar onder die manne en die vrag 'n jong Matie en twee luggloedmeters wees — een is spesiaal ontwerp om die Aurora en suiderligte te bestudeer.



EEN van die luggloedmeters wat deur die Universiteit van Stellenbosch gebou is en vandag met die R.S.A. na die Suidpoolgebied vertrek.

Die Matie is mnr. H. Czanik, wat in 1952 uit Nederland na Suid-Afrika gekom het en onlangs die graad B.Sc. B.Ing. verwerf het. Hy en sy maats sal dertien maande lank in die Suidpoolgebied vertoef.

Al die aparate wat hy saamneem, is ontwerp en gebou deur die departement van fisika aan die Universiteit van Stellenbosch. Die werk is gedoen onder leiding van prof. dr. P. B. Zeeman, bygestaan deur die hoofelektronikus, mnr. F. M. Hamm, die elektronikus, mnr. G. Daubitzer, mnr. H. Lohberg, werktuigkundige, en ander.

Die een luggloedmeter is spesiaal ontwerp om die Aurora en suiderligte te bestudeer. Dit is moontlik om die instrumente soos 'n teleskoop heen en weer te stel sodat interessante suiderligte wat kan voorkom, bestudeer kan word. Die ander instrumente sal deurentyd na die senit, d.w.s. die hoogste punt van die hemelruim, gerig wees.

Die instrument werk heeltemal outomaties. Verskillende lugfilters word outomaties in die ligpad gebring en die waarnemings op 'n registreerder aangeteken. Op die manier sal duisende gegewens in die loop van die jaar versamel word.

BAIE KOS

Die R.S.A. het 'n bemanning van 10 blankes en 23 nie-blankes, berig ons skeepsverslaggewer. Kapt. K. T. McNish is die gesagvoerder.

Die afgelope week is voorrade vir die skip, asook vir die basis Queen Maud, waar die Suid-Afrikaanse span 'n jaar moet vertoef, ingeskeep.

Die meeste kos is in blikkies, insluitende die melk. Baie vars vleis, wors, groente en vrugte word ook saamgeneem. Onder die voorrade is ook sewe ton walvisvleis vir die sleehonde.

Mnr. Kobus van der Walt van Potchefstroom sal vanjaar vir die vierde keer op die R.S.A. na Antarktika vaar. Hy vat 157 silinders vol waterstofgas en ballonne om die kosmiese strale te toets, saam. In die ballonne is transistorradios om die densiteit van die strale heruit te send. Op die skip het hy 'n neutrometer van vier ton en by die basis een van agt ton.

Genoeg voorrade vir 'n lekker vleisbraaiery word ook saamgevat. Die vleisbraaiery word die aand voor die R.S.A. op sy terugtog vertrek daar op die ys gehou. Die heildronk op die nuwe aflosspan word met vonkelwyn ingestel.